

**N.G. Gemeente Vaalpark**

**Gebedsbulletin no 18**

**26 April 2026**

# GEBED

**'Die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking" (Jak 5:16)**
**Die Amplified Bible omskryf hierdie krag as volg: " The heartfelt and persistent prayer of a righteous man (believer) is able to accomplish much [when put into action and made effective by God – it is dynamic and can have tremendous power."**

## Waarom bid ons dan nie? (1)

## Skuldgevoelens

**'n Subtiele aanslag van die aanklaer**
Alle Christene word voortdurend blootgestel aan versoekings tot sonde. "Die satan is die versoeker" (Matt 4:3). Hy het Christus versoek, en sal Christene ook versoek. 'n Versoeking op sigself is nie sonde nie, maar die toegee daaraan lewer die vrug van die sonde op. Die Woord noem satan voorts ook die "aanklaer van die broeders" (Op 12:10). Sy subtiele aanslag manifisteer daarin dat hy ons verlei tot sonde, net om sy bose aanslag voort te sit met aanklagte van onreinheid en neerdrukkende skuldgevoelens. Die skuldbelaste siel voel homself dan net te skuldig om God in gebed te nader, en selfs vir iets te vra. Op hierdie wyse maak die bose voortdurende skuldbriewe uit teen gelowiges, wat al ons oortredinge bevat.

**'n Skuldbrief aan die kruis vasgenael**
'n Skuldbrief verklaar jou skuldig en bring die gevolge van straf mee. Ons moet egter onthou dat Christus elke wedergebore Christen se skuldbriewe – dié van die verlede sowel as dié van die toekoms – verwyder het en die krag daarvan volkome ontneem het: "Julle was dood deurdat julle gesondig het en deurdat julle sondige natuur nog nie weggeneem was nie. God het julle egter saam met Christus lewend gemaak deurdat Hy ons al ons sondes vergewe het. Hy het die skuldbewys met sy eise teen ons tot niet gemaak. Deur dit aan die Kruis te spyker, het Hy dit vir goed weggeneem. Hy het elke mag en gesag ontwapen en hulle in die openbaar vertoon deur hulle as gevangenes in die triomftog van Christus mee te voer" (Kol 2:13-15).
Die vergifnis van sonde delg elke bose aanklag op elke skuldbrief uit! Christus se kruisdood het reeds elke skuld en boete wat teen jou uitgevaardig word, ten volle betaal – en Hy doen dit steeds vandag nog, wanneer die sonde bely word en aanspraak gemaak word op vergifnis. " Maar as ons ons sondes bely – Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid" (1 Joh 1:9).
Ons hoef dus nooit meer saam te leef met skuldgevoelens wat ons weerhou van 'n opregte en openhartige gebedslewe nie. Besef en beleef die vreugde van volle sondevergifnis en van die bloed van Christus wat ons voortdurend reinig (Heb 10:22), sodat ons sonder skuldgevoelens en sonder vrees vir straf kan bid. (Vervolg)

## Gemeente en algemene voorbidding:

- Vir ons predikante en hulle gesinne. Vir al die werksaamhede van ons gemeente.
- Vir 'n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir God se Koninkryk en Sy wil om in SA te geskied. Sý plan vir SA. Dat Sý Koninkryk en geregtigheid eerste gesoek sal word.
- Dat ons 'n biddende gemeente sal wees, met 'n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Vir ons jeug. Vir hulle geestelike, emosionele opvoeding en gesondheid.
- Ook vir die areas en mense waar dit nog bitter droog is, asook waar daar vloede is.
- Vir God se plan in al die gebeure regoor die wêreld.
- Vir bemoediging van Sy kinders wat vasgevang is in oorloggeteisterde gebiede.

## Gebedsversoeke

- Lottie Conradie
- Annie Brink
- Johnny Viviers
- Leonie Kruger
- Jillian Jansen
- Dina Roothman
- Marcel Holtzhausen
- Moos Nel
- Hannelie Ball

Hettie Singleton
Tiné Pretorius
Juanita Rossouw
Janine Vorster
Arno Claassen
Tannie Sannie Wentzel
Jaap Naudé
Hazel de Villiers
Marthie Venter

## Gedagte vir die week

**Besef en beleef die vreugde van volle sondevergifnis en van die bloed van Christus wat ons voortdurend reinig.**

## Gebedsversoeke aan:

Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org